23
Goeie Nuus Good News
GRATIS
NOU REEDS 23 JAAR OUD!
Aug. 2021
AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION
Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# BELOFTES - GEEN INSPUITINGS OF PLEISTERS

*"Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid …Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig"* (Psalm 19:8,9).

"Koop hierdie motor!" sê die advertensie. Let op die aerodinamiese ontwerp; voel die ondersteuning wat die rugleuning van die wetenskaplik-ontwerpte bestuurdersitplek bied. Koop hierdie motor en kry 'n 100 000 kilometer-waarborg, verhoogde status, 'n lugkussing vir beskerming, lae brandstof-verbruik, 'n onoortreflike remstelsel…

As denkende mens bedink jy die voordele van die motor.

Jy besluit: die aankoop van hierdie motor gaan fyner finansiële beplanning van my verg, maar ek het dit wat hierdie motor my bied, werklik nodig.

Die moderne mens het nie net 'n motor met 'n lugkussing nodig nie. Hy het lewe, wysheid, blydskap, insig en sekuriteit nodig.

Koop die motor - en jy bekom 'n 100 000 kilometer-waarborg.

Bestudeer, eet, absorbeer, lees, oordink en doen die Woord van God - en jy vind lewe, insig, wysheid, lewenskoers, blydskap, sekuriteit en onwankelbare vastigheid in 'n tollende en tuimelende wêreld.

Natuurlik gaan dit fyner tydsbeplanning verg… maar het jy dit wat die Woord jou bied, nie dringend nodig nie?

Die meeste mense loop met die gedagte dat die beloftes in die Woord van God vir krisistye bedoel is: Dat God se beloftes soos inspuitings werk. Wanneer jy regtig ernstig siek is, haas jy jou na die dokter en vra dat hy jou 'n inspuiting in plaas van stadig-werkende pille moet gee. Die inspuiting moet jou deur die krisis help. Dis wat God se beloftes is, dink ons. Stewige en onmisbare hupstootjies in krisistye.

Niks is verder van die waarheid af nie!

Die beloftes van God het met bestendige groei, met jou daaglikse lewenskwaliteit, met wysheid en insig, met jou gemoedstoestand te doen. Die beloftes van God is soos brood, soos jou stapelvoedsel: dié wat nalaat om elke dag daarvan te eet, sal altyd honger, onrustig, soekend, onbehaaglik en ongelukkig voel.

Die beloftes in die Woord van God is nie soos pleisters wat haastig op wonde geplak word nie: die beloftes van God hou ons gees gesond, ons oë stralend, ons harte heel, ons hoop lewend, en ons gedagtes vars.

**Kan jy leef sonder dit wat die Woord jou kan gee? Natuurlik nie. Eet dan die Woord!**

Gebed: Here, ek het U Woord nie lief genoeg nie, daarom bestee ek nie naastenby genoeg tyd daaraan nie. Ek kan maar net pleit dat U my vertrapping van dit wat lewe, wysheid, blydskap en insig kan gee, sal vergewe. Maak my asseblief honger na U Woord.

*[Uit: Beloftes van Reën en Dou, Maretha Maartens, Aktuapers, 1996].*

# HOU AAN CHRISTUS VAS

*Julle het gehoor dat Christus Jesus die Here is en dit geglo. Leef dan elke dag in die nouste verbintenis met Hom, want Hy is die grond waarin julle nou groei en die fondament waarop julle nou gebou word. Julle moet al sterker word in die geloof soos julle dit geleer het; laat julle harte altyd vol dankbaarheid teenoor God wees.*

*Moenie toelaat dat iemand julle oorrompel en vasvang met slimmighede en argumente waarin daar niks steek nie. Want al vertel hulle julle wat ander mense gesê het en al redeneer hulle oor die belangrikste dinge waarvan mense weet, bly dit nogtans iets wat van mense af kom en nie van Christus nie.*

*Dit is alleen in die geval van Christus dat God met alles wat Hy het in 'n menselewe kom woon het. En julle het reeds alles wat God vir julle wou gee, want julle is aan Christus verbind. Hy is die hoogste gesag wat daar is en Hy het seggenskap oor alles.*

*Omdat julle aan Christus behoort, is julle ook besny, maar dit is nie die letterlike besnydenis nie. Die besnydenis van Christus beteken dat 'n mens die ou, sondige geaardheid eenkant sit - julle is saam met Hom begrawe toe julle gedoop is en julle het saam met Hom in 'n nuwe lewe ingegaan omdat julle glo dat God deur Sy krag vir Christus weer lewendig gemaak het.*

*Vroeër was julle dood omdat julle behoort aan die nie-Joodse nasies wat sonder die wet van God leef en julle het 'n lewe van sonde gelei. Maar nou het God julle saam met Christus lewendig gemaak en al julle sondes vergewe. Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het. Hy het vooraf die bose magte van die duiwel ontwapen en in die openbaar gewys watter skandelike neerlaag hulle gely het, want Hy het hulle heeltemal oorwin deur wat Christus gedoen het.*

*Moet dan nie sleg voel as iemand julle kom kritiseer oor wat julle eet of drink of oor Joodse feeste of nuwemaan of sabbat nie. Hierdie dinge was maar net 'n flou skaduwee van die werklikheid wat sou kom - en die werklikheid is Christus.*

*Moenie toelaat dat iemand vir julle kom wysmaak julle is op die verkeerde pad nie, al is hy ook iemand wat visioene sien en baie nederig is en die engele aanbid. So iemand bly nie vashou aan Christus wat die Hoof van die kerk is nie, want dit is deur Hom wat ons bymekaar gehou word net soos die senings en spiere die liggaam aanmekaar hou. Dit is ook deur Hom dat ons groei, want God gee ons die krag.*

*Julle het saam met Christus gesterf sodat die beginsels van hierdie wêreld nie meer op julle van toepassing is nie.*

*(Kolossense 2:6-20(a), Die Lewende Bybel).*

# God Bring Sy Liefde tot Voltooiing in Ons

Die apostel Johannes het bekend gestaan as die apostel van liefde. Maar hy moes 'n pad met Jesus loop om by die liefde uit te kom.

Met die roeping van die apostels, het Jesus vir Simon die bynaam Petrus (Rots) gegee, en aan Johannes en sy broer Jakobus die bynaam *"Boanérges... dit is, seuns van die donder"* (Markus 3:16-17).

By 'n latere geleentheid wou hierdie twee dissipels hê dat vuur uit die hemel moes neerdaal om die Samaritane te verteer *"soos Elía ook gedoen het"* omdat die Samaritane hulle nie wou ontvang nie. Dit was juis omdat hulle op pad was na Jerusalem waar Jesus gekruisig sou word (Luk. 9:54).

Maar Jesus het hulle bestraf, omdat hulle nóg "Boanérges" was en die Skrif buite konteks aangehaal het: Die vuur by Elía was om die offer op die altaar te verteer, en nie die mense wat God nie wou ontvang nie. Jesus het gegaan om gekruisig te word om júis God se liefde aan 'n sondige mensdom te openbaar (Joh. 3:16), en nie om hulle te verteer nie.

Later het Johannes egter die apostel van liefde geword omdat God Sy liefde in hom uitgestort het. Johannes skryf naamlik in sy Sendbrief: *"My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid"* (1 Joh. 3:18).

Daarom is daar hoop vir elkeen van ons - elke gelowige in Jesus Christus - omdat God besig is om Sy liefde in ons te vestig! Daarom skryf Johannes ook in 1 Joh. 4:12, *"Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword."*

Wat beteken "volmaak geword"? Ander vertalings lui: *"Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons Sy doel volkome bereik"* (1983-Vertaling). Die Boodskap lui: *"God is liefde. As daar dus liefde uit jou lewe straal, vertel dit hoe naby jy aan God leef."* En die Good News Bible lui: *"No one has ever seen God, but if we love one another, God lives in union with us, and His love is made perfect in us."* En dan die New Living Translation: *"No one has ever seen God. But if we love each other, God lives in us, and His love is brought to full expression in us."*

Hoekom soveel vertalings? Omdat 'n blote woord-vir-woord-vertaling van die Griekse woord of begrip teleos ook maar gebrekkig kan wees om aan hierdie begrip volle betekenis te kan gee, want die vertaling met 'n enkele woord in 'n ander taal kan nie altyd reg laat geskied aan die volle woordbetekenis nie.

God wil hê ons moet groei as beelddraers van Hom; ons moet groei tot ons kom in Sy volmaaktheid deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons. God sê immers ook vir ons in Matt. 5:48, *"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."* Hier vind ons weer die Griekse woord teleos vir "volmaak". Dit beteken God ons Vader is volmaak, en ons Sy kinders moet ons aan Hom oorgee om volmaak te wees of te word ("Wees julle dan volmaak"). Dit is 'n proses. Dan groei ons soos Johannes tot gelykvormigheid aan Sy Beeld, waartydens Hy ons vorm deur alles in ons weg te kap en te slyp wat nie Sy Beeld is nie.

Die Groot Beeldhouer is aldeur besig met ons, sodat Hy Sy liefde in ons kan vestig. Hý is die Pottebakker, en óns is die klei, en nie andersom nie. Hý is ons Skepper, en is aldeur besig met ons, Sy kinders.

Kom ons stel onsself as beskikbare maaksels om Sy werk bruikbaar in ons te voltooi. Teleos. Dán kan ons Sy Beeld, Sy karakter, Sy Lig uitstraal in hierdie wêreld. Selfs sonder woorde! Want dan het Hy Sy liefde in ons tot voltooiing gebring.

Die Amplified Bible vertaal dit so: *"You, therefore, must be perfect [growing into complete maturity of godliness in mind and character, having reached the proper height of virtue and integrity], as your heavenly Father is perfect [Lev. 19:2, Lev. 19:18]."*

© Dr. J J Venter


# In die Stilte...

*Daar was Stilte*
*Toe God Sy liefde in my hart kom lê...*
*Daar was Stilte*
*Toe God Sy skoonheid in my binneste laat posvat...*
*Daar was Stilte*
*Toe God die storm in my tot kalmte roep...*
*Daar was Stilte*
*Toe God se vrede soos 'n heilige kleed my omhul...*
*Daar was Stilte*
*Toe my Verlosser Jesus in my hart kom woon...*
*Daar was Stilte*
*Toe Hy Sy spyker-deurboorde hande na my toe uitsteek...*
*En ek hoor Hom sê: "Vrede vir jou!"*
*En ek hoor Hom sê:*
*"Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne!"*

*In die Stilte sal ander mense sien hoe lyk die Beeld*
*van God, want Hy het gekom om ons volkome te red!*
*In die Stilte verheerlik ons Hom...*

*Daniël 12:3 "En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos."*
*© Dr. J J Venter*





**The Lord Himself goes before you and will be with you; He will never leave you nor forsake you. Do not be afraid; do not be discouraged (Deuteronomy 31:8).**

**Der Herr aber ist es, der selbst vor dir hergeht, er wird mit dir sein und wird dich nicht aufgeben, noch dich verlassen; fürchte dich nicht und erschrick nicht! (Deut. 31:8).**

**Dit is die Here self wat jou sal lei en by jou sal bly. Hy sal jou nooit in die steek laat of van jou af weggaan nie. Moenie bang wees of moedeloos word nie (Deuteronomium 31:8, Die Lewende Bybel).**


**MORENA ke ene yo o tla go etelelang pele, o tla nna nao. Ga a kitla a go hularela le e seng go go tlogela. O se ka wa boifa le e seng go tshoga (Doiteronomio 31:8).**

# MAATLA A MAFOKO

## (The Power of Words)



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837




### DITEMANA

Loso le bophelo di mo thateng ya loleme; ba ba ratang go bua ka lone ba tla ja leungo la lone (Diane 18:21).

Ke ka tumelo re tlhaloganyang gore lefatshe le dirilwe ka Lefoko la Modimo; ke go re, dilo tse di bonwang ga di a ka tsa dirwa ka dilo tse di bonalang (Bahebere 11:3).

Mafoko a baikepi ke a go lalela madi a basiami, mme melomo ya ba nnete e a ba pholosa (Diane 12:6).

A go se tswe lefoko lepe le le maswe mo melomong ya lona; a go tswe fela le le agang ka fa go batlegang ka teng gore le tshegofatse ba ba le utlwang (Baefeso 4:29).

A ka metlha yotlhe mafoko a lona e nne a bopelontle, a a lokilweng ka letswai, gore lo itse ka fa lo tshwanetseng go araba mongwe le mongwe ka teng (Bakolose 4:6).

### DIKAKANYO

Mo thutong ya tlhaeletsano kwa yunibesiting motlhatlheledi a ne a ruta gore tlhaeletsano e e siameng ke fa re dirisa dikarolo tsa mmele go lekana le palo ya tsone. O tshwanetse go reetsa gabedi ka o na le ditsebe tse pedi. Reetsa gabedi pele o bua gangwe ka gore o na le molomo o le nosi. Ga o na melemo e mebedi le tsebe le le nngwe. Fa o ka di dirisa jaaka Modimo a go bopile o tla na le kagiso mo bophelong le mo lenyalong. Le mo ditemaneng tsa kgaolo e re bona gore leleme le na le maatla. Mafoko a kgona go aga le go senya. Fa o le motsadi o ka aga bana ba gago kgotsa o ka ba senya. Mafoko a ka aga moratiwa wa gago kgotsa a ka senya lerato fa o bua pele o akanya kgotsa o bua kwa ntle ga go reetsa.

Mo bukeng ya Baefeso 4:29 re buisa temana e: *"A go se tswe lefoko lepe le le maswe mo melomong ya lona; a go tswe fela le le agang ka fa go batlegang ka teng gore le tshegofatse ba ba le utlwang."* Le mo temaneng ya Bakolose 4:6 re buisa gore: *"A ka metlha yotlhe mafoko a lona e nne a bopelontle, a a lokilweng ka letswai, gore lo itse ka fa lo tshwanetseng go araba mongwe le mongwe ka teng."*

Wena o tlhaeletsana jang le batho ba bangwe? O bua eng fa o bua? A mafoko a gago a aga bogosi jwa Modimo kgotsa a a senya? Fa o bua le bana ba gago a mafoko a gago a a aga kgotsa a a senya? Leleme gape mo Beibeleng ga twe le bogale jaaka thipa. Mongwe le mongwe wa lona a ka gopola letsatsi le motsadi kgotsa motho kgotsa morutabana mongwe a ne a go tlhaba ka mafoko kgotsa ka leleme le le bogale.


A rona re simolole go tlhokomela maleme a rona gore re age batho mme re se ba utlwise botlhoko. Baya lepodisa kgotsa lesole mo pele ga molomo wa gago gore leleme le se bue dilo tse di ka utlwisang batho botlhoko.

Fa o na le Jesu ka mo teng ga gago go raya gore mmele wa gago ke se se rwalang Jesu mo o tsamayang teng. Leleme la gago jaanong le tshwanetse go nna se Jesu a se buang le batho. Ka lerato e le Jesu mme Jesu a le lerato wena o tshwanetse go dira gore se se tswang mo molomong wa gago e nne lerato le sone.

A re simololeng go gasa lerato la Jesu ka maleme a rona. A re age setšhaba sa rona ka maleme a rona. Simolola go ntsha ka molomo se se siameng le se se agang. Mo seyalemoweng go gasiwa mafoko le dipolelo. A re gaseng peo e e ka godisang naga ya rona. A re gaseng mafoko kwa re tsamayang teng, mafoko a mantle le mafoko a a agang.

### THAPELO

Ntate wa rona re kopa o re thuse gore re simolole go laola maleme a rona gore re se bue dilo tse di utlwisang batho botlhoko. Re thuse go bua dilo tse dintle le batho le baratiwa le bana ba rona. Re thuse gore re fetoge mme re gase lerato la Gago ka maleme a rona. Re romele Mowa o o Boitshepo go laola maleme a rona. Tsotlhe re di kopa ka leina la Jesu. Amen.



# RED SEA MOMENTS

Between a rock and a hard place. An inescapable crisis. Your back to the wall. Sounds grim, doesn't it? Maybe you're facing something similar and you're out of options.

Exodus 14 relates the harrowing pursuit of the Egyptian army when Moses led the Hebrews out of bondage. Pharaoh had forgotten his agreement and hardened his heart, fully intent on returning every single slave. A deadlock between the mighty, proud Pharaoh, equipped with excellent chariots and well-trained soldiers and God - not Moses. Pharaoh never dreamed that he could be defeated.

Reaching the Red Sea, the Hebrews looked back and knew without a doubt what those red clouds of dust behind them meant. Dreading the outcome of this encounter, the Hebrews regretted their decision to flee the cruelties of slavery. The first rebellion was brewing. Some started to turn back, shouting at Moses, ***"Leave us alone! It's better to be a slave in Egypt than a corpse in the wilderness!"*** (v. 12).

Their worst-case scenario now seemed acceptable to them. But NOT to God! He was the Architect of their salvation and Moses, His chosen man. Moses must have been shouting in order to be heard over the panicking voices, ***"Don't be afraid. Just stand still and watch the Lord rescue you today. The Egyptians you see today will never be seen again. The LORD Himself will fight for you. Just stay calm"*** (v. 24). Pharaoh's army drowned and never returned home. The Israelites, though, are still a force to be reckoned with.

Beloved, know this: you are




NEVER without options! ***"Listen! The Lord's arm is not too weak to save you nor is His ear too deaf to hear you call"*** (Isaiah 59:1). His heart reacts in love when He hears your cry for help. His Hand will move in your direction. He is the One Who holds absolute power over all things. The worst-case scenario is not His plan for you. ***"Stand still in His presence and see His rescue. The LORD Himself will fight for you."***
***- Helen du Plessis, 083 332 0895.***

# FIRST THINGS FIRST

There is a story told of a bishop who had the heaviest work load of any priest in the diocese. He was a good man, a holy man, they said, and it was well known that he rose at five o'clock in the morning and spent two hours in prayer before his day began. All the different organizations and groups he spearheaded, prospered spiritually and materially.

However, many of the younger clerics thought the old man was overworked and secretly wondered when he would cave in from exhaustion. Their surprise was great when a conference of bishops gave him, in addition to his other duties, the responsibility of co-ordinating the overseas Missionary Society. He threw himself into that work as if he were a young man and that Society prospered like everything else under the old man's ministry.

One day his colleagues could bear it no longer. Taking him aside, they asked him his secret. "How could you possibly take on such a large undertaking without sacrificing just a bit here or a bit there of your other duties?" The old bishop looked amazed at their question. "Why, the answer is simple. The more I have to do, the more I pray. I rise an hour earlier in the morning for prayer, and everything else I must do during the day just seems to mind itself."

How he learned this I never heard. But it seems safe to guess it was from the Scriptures, for Jesus Himself gave the words and the example. He was talking to the people who followed Him and recognised Him as a great Teacher, because He spoke so compassionately about their concerns. We can picture Him standing in the midst of these ordinary people, every eye riveted on Him.
*"And why worry about your clothes? Look at the field lilies! They don't worry about theirs. Yet King Solomon in all his glory was not clothed as beautifully as they. And if God cares so wonderfully for flowers that are here today and gone tomorrow, won't He most surely care for you, O men of little faith? So don't worry at all about having enough food and clothing. Why be like the heathen? For they take pride in all these things and are deeply concerned about them. But your heavenly Father already knows perfectly well that you need them"* (Matt. 6:28-32 TLB).


Then, I imagine that Jesus paused and looked each member of the crowd in the eye so that each would understand the importance of what He had to say next.
*"And He (the Father) will give them to you if you give Him FIRST PLACE in your life and live as He wants you to. So don't be anxious about tomorrow. God will take care of your tomorrow too. Live one day at a time"* (Matt. 6:33-34 TLB).

Just as surely as Jesus was speaking to those people and to their needs, He is speaking to us and also to our quest for time today. If we give Him FIRST PLACE in our lives, and live as He wants us to live, He has promised to give us all that we need.

Not only did Jesus tell us we can trust God for everything when we put God first, but He gave us the *example* through His actions. One particular morning His disciples woke up at the usual time and found Him gone. He had spent the day before preaching, healing, walking and mixing with the people who closed in on Him. His disciples yawned and stretched and said to one another, "He is no doubt close by. We'll just look for the nearest crowd and find Him there." But everywhere they went the crowds who had gathered to see Jesus, asked them, "Have you seen Jesus of Nazareth today?" At last Simon found Him in the wilderness alone, praying to His Father. "Come," Peter said, "everyone is asking for You." Jesus replied, *"We must go on to other towns as well, and give My message to them too, for that is why I came"* (Mark 1:38 TLB).

He knew what was ahead of Him that day. He had three options: One was to get some badly needed sleep and trust that the Father Who had sent Him on His mission would give Him the strength and the time.

The second option was, in view of all that had to be done, to get up early and get going.



The third was to take time to be alone with His Father before His work began.

Of the three, should we choose less than He did?

Paul wrote, *"...redeeming the time, because the days are evil"* (Ephesians 5:16), upon which Wesley commented, "With all possible care redeeming the time - saving all you can for the best purposes; buying every possible moment out of the hands of sin and Satan; out of the hands of sloth, ease, pleasure, worldly business; the more diligently, because the present are evil days, days of the grossest ignorance, immorality, and profaneness."

Let us choose - every day - to put first things first, and God will do the rest!
*-Selected*

# Gebed - 'n Vennootskap met God

Hierdie gejaagde lewe veroorsaak dat ons almal smag na rus, na stilte, na afklim van die immer bewegende wêreldmallemeule.

Soms voel dit asof 'n mens se gedagtes fladder soos voëltjies uit 'n nes op hul wieke die ewige ruimtes in… Ander kere dwaal jy tussen niks en niks - sukkel om jou menswees bymekaar te hou sodat dit nie opbrokkel en die skerfies langs hierdie pelgrimspad bly lê nie.

Die verkenningstog is dikwels pynlike erkenning, soms onvrugbaar. Tog lê daar in die onbegryplikheid van baie dinge dikwels die motivering vir die gees om sy grensloosheid mateloos na te vors…

En so is dit die intreder op haar knieë wat 'n instrument word waardeur God se helende krag na haarself sowel as na 'n gerypte, gekneusde en gans geskonde wêreld kan deurvloei. Hier vind sy antwoorde op haar kwelvrae en raak opnuut bewus van die sin van die lewe.

Só is die biddende vrou nie slegs 'n toeskouer van die lewensdrama wat hom elke dag afspeel nie, maar 'n vennoot van God wat kan meeleef met die lydendes en verwondes en Hom as 'n Liefde-God kan voorstel aan 'n wêreld in nood.

Hierdie gee van jouself in gebed en daad, is 'n uitdaging wat aanspraak maak op jou beste vermoëns. Om dit heelhartig te aanvaar, vra inspanning en toewyding. Maar as 'n mens werklik met jou hele hart begeer om God só te dien, sal jy gewillig wees om die prys daarvoor te betaal. Indien ons nie hierdie geweldige roeping van God ons eie maak en beoefen nie, sal ons altyd wees soos 'n voël met geknipte vlerke wat nooit van die aarde kan opstyg in die volle glans van die son nie!

Uit elke dagbreek se baarmoeder kan dus geboorte geskenk word aan nuwe moontlikhede en geleenthede om reënboogkleure te span oor jou uitreik na, en



daadwerklike optrede teenoor vermoeides en hulpbehoewendes…

Daarom moet ons nie toelaat dat die oneindige moontlikhede van my vennootskap met God ingesluk en verongeluk word deur mislukkings en "vallei-dae" nie, maar moet ek uitstyg op die vleuels van gebed en in die krag van die Woord van God wat my meer as oorwinnaar maak oor elke omstandigheid. Want die rykdom en volheid van God se Woord kan nooit uitgeput raak nie en bly selfs vir hierdie eeu nog van krag!

In hierdie immer donkerwordende wêreld, skyn die Son van Geregtigheid al helderder vir elke mens wat Sy Aangesig soek en Sy beloftes wil aanneem. Daarom kan ek deur die krag van gebed ondervind dat Hy in staat is om my *"uit te lei in die ruimte"* (Ps. 18:20) en ook elkeen vir wie ek intree, vry te spreek en te verhef bo die skaduwee van die dood, en die angel van die sonde.

*© Huegene Venter, 074 254 2319*

# "Klippe-kind" (Genesis 28)

Ek is vandag U Jakob-kind, Here. U klippe-kind. U deurmekaar-onseker-weghol-kind.

Jakob, daar in Genesis, het mos geweet van Klip-paaie en plekke. Die klip-pad van 'n deurmekaar gesinslewe. Die klip-pad van verkeerde keuses. Die klip-pad van weghardloop…

Ons, hier aan die anderkant van Genesis, ken ook van klippaadjies, Here. Verhoudings wat nie wil werk nie, en waar ons die een klip na die ander gooi.

Die klippe van depressie wat soos berge in ons pad kom lê. Die harde, koue marmer-seer wat die dood bring. Die klippe van alleenwees en eensaam wees. Die harde klippe van selfverwyt. Klippe van verlang wat soms in rotse verander. Klippe van hospitale wat oorvol is, 'n virus wat ons onderstebo hardloop… en besighede en dorpe wat stukkend gegooi word met klippe van politiek en geweld. Ons ken van klippe, Here.

Jakob het hulle ook geken. En een nag, toe hy so met die klip onder sy kop lê en slaap, het U stil by hom kom staan en sag vir hom gesê: *"Ek is by jou, Jakob."* En dit was vir U so belangrik dat U kind moet weet dat U daar is. Dat U nie weg is nie. Nooit nie weggaan nie.

En toe Jakob wakker word, Here, het hy stom gefluister: *"Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie…"* En toe het hy sy klip gevat, dit neergesit en dit 'Bet-El' genoem - die plek waar God is.

Ons gaan so baie kere soos Jakob deur die lewe, Here. So effentjies-effentjies probeer ons elke dag oorleef en dit maak tot by die volgende dag - die klippe in ons pad steek ons voete stukkend en maak ons harte huil. En dan vergeet ons soms dat U, aan Wie die heelal behoort, altyd by ons is. Langs ons is. Onder ons is. Dat U ons toevou en omvou met U liefde. Dat U elke klip op ons pad ken, ook die klippe wat ons in ons harte wegbêre. Ons vergeet dat U ons oor ons klippe-pad dra.

Help my, Here… help my om my 'kommer-klippe' uit te haal en dit neer te sit by U voete. Help my om U stem te hoor, U stem wat stil ook vir my kom sê: "Ek is hier… Ek is hier ook op jou klippe-pad."

U gaan nie weg nie, Here. U is altyd hier… Hier by my. En omdat U hier by my is, kan ek soos 'n ribbok kaalvoet oor die klippe




dans.

Ek dien U nie omdat ek wil hê U moet die klippe wegvat en my pad mooi en gelyk maak nie. Néé, ek dien U, want U langs-my-wees, U hier-wees op my klippe-pad, dit is vir my genoeg, Here!

U vashou dra my wanneer die klippe te veel word. U liefde help my om anderkant die klippe te kyk, verder te kyk as dit wat hier voor my voete lê…

Want daar anderkant die klippepad, sien ek hoe U opgewondebly my inwag. Daar by die Plek waar daar nie klippe is nie, Here. Daar waar ons altyd se altyd gaan bly wees!

Tot dan, Here, help my asseblief om my klippe in die oë te kyk, sonder om bang te wees of weg te hardloop. Help my om by elke klip 'n kruis te plant, 'n kruis wat my herinner dat U, Here, ook by hierdie klip is. Dat U nooit sal weggaan of my alleen by die klip op my pad sal los nie.

Asseblief, Here…

U Klippe-kind.
(Katrienkie@2021)

# SUCCESS

**WHAT is SUCCESS?** Most definitions include references to achieving goals and acquiring wealth, prestige, favour, and power. "Successful" people enjoy the good life - being financially and emotionally secure, being surrounded by admirers, and enjoying the fruits of their labours. They are leaders, opinion-makers, and trendsetters. Their example is emulated; their accomplishments are noticed. They know who they are and where they are going, and they stride confidently to meet their goals.

By these standards, Jeremiah was a miserable failure. For 40 years, he served as God's spokesman to Judah, but when Jeremiah spoke, nobody listened. Consistently and passionately he urged them to act, but nobody moved. And he certainly did not attain material success. He was poor and underwent deprivation to deliver his prophecies.

He was thrown into prison (chapter 37) and into a cistern (chapter 38), and he was taken to Egypt against his will (chapter 43). He was rejected by his neighbours, his family, the false priests and prophets, friends, his audience, and the kings. Throughout his life, Jeremiah stood alone, declaring God's messages of doom, announcing the new covenant, and weeping over the fate of his beloved country. In the eyes of the world, Jeremiah was not a success.

But in God's eyes, Jeremiah was one of the most successful people in all of history. Success, as measured by God, involves obedience and faithfulness. Regardless of opposition and personal cost, Jeremiah courageously and faithfully proclaimed the Word of God. He was obedient to his calling.

Jeremiah's book begins with his call to be a prophet. The next 38 chapters are prophecies about Israel (the nation united) and Judah (the southern kingdom). Chapters 2-20 are general and undated, and chapters 21-39 are particular and dated. The basic theme of Jeremiah's message is simple: *"Repent and turn to God, or He will punish."* Because the people rejected this warning, Jeremiah then began predicting the destruction of Jerusalem. This terrible event is described in chapter 39. Chapters 40-45 describe events following Jerusalem's fall. The book concludes with prophecies concerning a variety of nations (chapters 46-52).

As you read the book *Jeremiah*, feel with a modern-day Jeremiah as he agonizes over the message he must deliver, pray with him for those who refuse to respond to the truth, and watch his example of faith and courage. Then commit yourself to being successful in GOD'S eyes!
*[LIFE APPLICATION STUDY BIBLE, Tyndale House Publishers, Inc. Carol Stream, Illinois, 2004].*

# VERTRAAG JOU PAS




*Maar ék vertrou op U, o HERE! Ek sê: U is my God. My tye is in U Hand…* (Ps. 31:15 - 16a).

Daar is mense wat só besig is dat hulle nie tyd het om te "lewe" nie. Elke minuut van elke dag is volgeprop en selfs die gedagte om hulle pas te vertraag, word deur hulle verafsku. Hierdie mense bereik nie noodwendig méér as mense wat geleer het om teen 'n stadiger pas en ewewigtig te lewe nie.
Dis eintlik 'n kwessie van waardebepaling. Dit wat sommige mense as tydverkwisting beskou, word deur ander met dankbaarheid as 'n tyd van rus en verkwikking beskou. Daar is mense wat met oortuiging glo dat hulle nie tyd het om 'n sinvolle gebedslewe te ontwikkel nie. Hulle is só besig om te werk - selfs om vir God te werk - dat hulle dit as onbelangrik beskou om rustig tyd in Sy heilige Teenwoordigheid deur te bring.

Net 'n geestelik onvolwasse persoon sal tyd wat in gebed, Skrifstudie en bepeinsing by God spandeer word, afskryf as verlore of verkwiste tyd. As jy in stilte by God jou lewe beplan, kan die wêreld maar voortspoed, maar jy sal meer in ewigheidswaarde bereik as ander wat hulself angsvol voortdryf van minuut tot minuut.

Moet nooit die fout maak om die tyd wat jy by God deurbring as verkwiste tyd te beskou nie. Om in Sy Teenwoordigheid stil te wees, kan die konstruktiefste en vrugbaarste oomblikke van jou lewe wees!

<u>Gebed</u>: *Heilige Gees van God, maak my gedurig daarvan bewus dat die kosbaarste oomblikke van my lewe dié is wat ek in U Teenwoordigheid deurbring.*

*[Uit: Elke Môre Nuut, Solly Ozrovech, CUM, 1999].*

*Al die probleme van die lewe oorval ons omdat ons weier om elke dag vir 'n wyle in ons kamer stil te word.*
*- Blaise Pascal*

# Blom in die Here…

Die man se gebed het my aangegryp. Kinderlik opreg en eenvoudig het hy gebid vir talle mense. Heel laaste het sy kinders aan die beurt gekom: *"Here, my God, U het aan my kinders gegee."*
So het hy begin, en toe vervolg: *"Ek weet dat ek nie naastenby alles gedoen het wat ek met betrekking tot hul geestelike toerusting aan hulle verskuldig is nie. Maar nou vra ek nederig dat U, ondanks my tekortkominge, hulle nogtans sal laat blom."*
Hy het 'n oomblik gehuiwer, so asof daar nog iets kortkom, en toe voortgegaan: *"Ek bedoel, dat hulle moet blom in die Here."*

Ek het lank daarna nog aan hierdie kinderlike gebed gedink, en veral aan die betekenisvolle woorde: *"Ek bedoel dat hulle moet blom in die Here."* Dit het duidelik tot my deurgedring dat daar nogal 'n groot verskil tussen gewoonweg *blom* en *blom in die Here* is. 'n Mens wat gewoonweg blom, deel normaalweg in die materiële voorspoed wat aan hom gegee word. Hy het aan niks gebrek nie, sy gesondheid is goed en kwellinge is daar nie. Die vraag sou dan gevra kon word of 'n mens hoegenaamd meer as dit nodig het? Dis duidelik dat die man wat vir sy kinders gebid het, inderdaad so gedink het. Die drie woordjies *"in die Here"* maak 'n groot verskil. Wie *in die Here blom,* ontvang 'n diepe vrede en geluk wat alle verstand te bowe gaan. Dit styg ver bokant materiële welvaart of gesondheid uit en bly staan, selfs al sou dit uiterlik lyk of dit nie goed gaan nie.

Die profeet Habakuk moes hierdie boodskap, nl. dat 'n kind van God moet *blom in die Here,* selfs ondanks teëspoed, aan die mense tuisbring. En hoe aangrypend het hy dit nie gedoen nie! *"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my Redder" (Hab. 3:17-18).*

Hier lê dan die groot verskil tussen gewoonweg *blom* en *blom in die Here*. Dis 'n goeie gebed om vir jou kinders te bid: Here, laat my kinders blom - blom in die Here! *- Oorgeneem*

# Die Helige Gees het vir Ons Gesê

'n Tyd gelede het 'n aantal hooggeplaaste kerkleiers in Europa 'n besoek aan Hong Kong gebring. Die plaaslike pastoor het hulle na nuutgeplante Christenkerke geneem, maar hy het gou agtergekom dat hulle nie beïndruk was nie. Hulle was op soek na 'n ware kerkstigter met 'n ware lewende kerk.

Heeltemal teen die verloop van die pastoor se beplanning, loop hulle twee meisies raak wat op 'n kort besoek was vanaf die sendingveld waar hulle gewerk het. Hier is hulle verhaal en hulle getuienis.

### DIE VERHAAL

Nadat hulle tot bekering gekom het, wou hul pastoor hulle leer hoe om in hulle buurt te getuig. *Nee, sê hulle, Jesus het gesê gaan die hele wêreld in. Ons wil gaan.*
*Maar julle is te jonk en nog net 'n paar maande bekeer!* argumenteer die pastoor.
*Ons lees nêrens dat Jesus gesê het hoe oud jy moet wees nie. Ons wil gaan.*
Nadat 'n verdere teologiese eksegese platgeval het, gee die pastoor moed op.

*Nou ja, ons het 'n paar werkers nodig op Hainan-eiland. Die mense daar is ruwe vissermanne. Dit kan gevaarlik wees vir twee jong meisies en daar is nie Christene nie,* het die pastoor gewaarsku. Die meisies was oortuig dat die Here hulle daar wou hê en is dadelik weg daarheen.

Na twee jaar was hulle nou terug om Bybels en ander literatuur vir die kerke daar te kry. Die pastoor besluit toe om hulle aan die hoë gaste uit Europa voor te stel. Hy sou as tolk optree om die vrae te beantwoord.

### HULLE GETUIENIS

(Die meisies was verleë, skaam en onseker voor die hoëlui). *Hoeveel kerke het julle geplant?* het die grootkoppe uit die hoogte gevra.
*O, nie baie nie; ons was maar twee jaar daar.*
*Maar sê: hoeveel!*
*O, nie baie nie. Die mense daar is moeilik. Hulle het ons gedreig en op ons geskel. Hulle het glad nie van ons gehou nie. Hulle wou ons in die see gooi.*
*Hoeveel kerke is daar? Sê vir ons.*
*O... maar net dertien...*
*Dertien! Wêreld, ek het nie soveel kerke in my leeftyd geplant nie!*
Die pastoor wat getolk het, sê toe dadelik:
*Nee meneer, u het verkeerd gehoor: nie dertien nie, maar dertig!*
Met skok (en skaamte?) kon die besoekers net prewel: *Dertig kerke in twee jaar...*
*Hoeveel mense is daar in die kerke?* vra die besoekers.
*O, nie baie nie; daar is maar min.*
*Hoeveel? Sê hoeveel!*
*Net tweehonderd en twintig... Dit is nog maar min...*
*Tweehonderd en twintig in dertig kerke?*
*O nee, dit is net in een kerk en dit is in die kleinste kerk.*
*Tweehonderd en twintig in een kerk? Ek wens daar was soveel in my kerk. Hoeveel is daar in die grootste kerk?*
*O, nie so baie nie...*
*Ek weet: dis nie baie nie, maar sê tog hoeveel!*
*Minder as vyfduisend... ons het nou maar eers begin. Daar is maar 4 900.*
Agter die pastoor se rug het een van die hoëlui gehuil en gesê: *Hemelse Vader, vergewe ons... Hoe het julle dit reggekry?*
*Ons het niks gedoen nie. (Die meisies was verbaas oor hierdie vraag).*
*Julle het niks gedoen nie? Dertig kerke geplant en die kleinste kerk het tweehonderd en twintig mense - en julle het niks gedoen nie!*
*Nee, niks; ons het net gebid.*
*Ons weet dit, maar wat het julle toe gedoen?*
*Nadat ons gebid het, het die Heilige Gees vir ons gesê wat om te doen. Daarna het ons wéér gebid, en dan het Hy weer gesê wat ons moes doen. Dan het ons net weer gebid en gedoen wat Hy gesê het...*

*DIE PASTOOR HET SY HANDE OP DIE TWEE MEISIES GELÊ. AGTER HOM HET DIE BESOEKERS GEKNIEL EN GEHUIL EN... NET GEBID.*
*- Church Planting Canada*

# ONS GEBROKENHEID, GOD SE BEELD

Hierdie bly vir my een van die besondere stories rondom Michelangelo. Blykbaar is die marmer wat vir sy Dawid-beeld gebruik is, deur verskeie kunstenaars weggewys, omdat dit byna onmoontlik was om die marmer te verwerk. Selfs Leonardo da Vinci het dit weggewys en gemeen dat dit nie regtig bruikbaar was om 'n menslike figuur te skep nie. Dit was ook 'n besonder duur stuk marmer.

Is dit nie maar wat met ons ook op geestelike gebied gebeur nie? Ons is eintlik ook maar onbewerkbare materiaal wat in die hande van 'n genadige God (wat ten duurste vir die “marmer” betaal het), omskep word in 'n meesterstuk tot Sy eer!
Die skoonheid van die beeld lê juis in die gebrokenheid van die materiaal. Ons skoonheid is nie in ons besondere gawes en talente opgesluit nie, maar veel eerder in ons gebrokenheid waardeur 'n lewende God werk.

Aan die einde van Michelangelo se lewe het hy so gebewe dat hy hom tot die digkuns gewend het en ook op hierdie vlak besondere werk gelewer het. Hy het egter baie hiervan verbrand aangesien hy nie wou hê dat mense sien hoe hy sukkel voordat hy by die eindproduk gekom het nie. Hy is nooit getroud nie, maar 'n baie goeie vriendin, Vittoria, is in 1547 dood en het hom eensamer as ooit agtergelaat. Hy het in 1564 op 89-jarige ouderdom gesterf en tot die einde nog meesterwerke gelewer.

Hy was bekend as 'n disfunksionele mens, en ek word net so bewus van die genadige God wat bokant die gebrokenheid van die mens uitstyg en hom tot groot hoogtes in staat stel.

In my eie lewe is ek al dikwels deur my eie gebrokenheid oorweldig. Daarom gee stories soos dié van Michelangelo vir my hoop. Ek weet net dat as dit van my afgehang het, ek nooit besondere hoogtes sou kon bereik nie. Ek besef dat die hoogtes nie impliseer dat ek wêreldberoemd moet word nie, maar dat ek 'n verskil maak net daar waar God my met my besondere gawes geplaas het.
Soos sovele kere al genoem, is dit dikwels om 'n verskil in net één mens se lewe te maak. Want onthou, die één verlore skaap is vir die Here baie belangrik!

*“The more the marble wastes, the more the statue grows.”*

Hoe moeilik ook al, ek moet glo



dat God op 'n besondere manier besig is om die dele wat nie werk nie, weg te kap sodat Hý meer sigbaar word!


*[Uit: Shrink-stories, Eugene Kemp, Naledi, 2009].*

Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

# Commitment and Perseverance




*Source: The Last Call, J.T.C., Chick Publications, Chino, California*

***As Jesus was sitting on the Mount of Olives, the disciples came to Him privately. "Tell us," they said, "when will this happen, and what will be the sign of your coming and of the end of the age?"***

***Jesus answered: "Watch out that no one deceives you. For many will come in My Name, claiming, 'I am the Messiah,' and will deceive many. You will hear of wars and rumours of wars, but see to it that you are not alarmed. Such things must happen, but the end is still to come. Nation will rise against nation, and kingdom against kingdom. There will be famines and earthquakes in various places. All these are the beginning of birth pains.***

***"Then you will be handed over to be persecuted and put to death, and you will be hated by all nations because of Me. At that time many will turn away from the faith and will betray and hate each other, and many false prophets will appear and deceive many people. Because of the increase of wickedness, the love of most will grow cold, but the one who stands firm to the end will be saved. And this gospel of the kingdom will be preached in the whole world as a testimony to all nations, and then the end will come. (Matthew 24:3-14 NIV).***

# Wat dink julle van Christus?

**Fariseërs,** wat dink julle van Christus?
*"Hy eet saam met tollenaars en sondaars"* (Matteus 9:11).
**Pilatus,** wat dink jy van Christus?
*"Ek het in Hom niks gevind wat die dood verdien nie"* (Lukas 23:22).
**Judas Iskariot,** wat dink jy van Christus vir wie jy vir dertig silwerstukke verraai het?
*"Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai"* (Matteus 27:4).
**Hoofman oor honderd,** wat dink jy van Christus wat julle bewaak het?
*"Waarlik, Hy was die Seun van God"* (Matteus 27:54).
**Duiwels,** wat dink julle van Christus?
*"Wat het ons met U te doen,* ***Jesus, Seun van God?****"* (Matteus 8:29).
**Johannes die Doper,** wat dink jy van Christus?
*"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem"* (Johannes 1:29).
**Apostel Johannes,** wat dink jy van Christus?
Hy is *"die Alfa en die Omega, die begin en die einde, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"* (Openbaring 1:8).
**Petrus,** wat dink jy van Christus?
*"Waarlik, U is die Seun van God"* (Matteus 14:33).
**Paulus,** wat dink jy van Christus wat jy vervolg het?
*"Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry"* (Filippense 3:8).
**Engel,** wat van die hemel neergedaal het met 'n boodskap aan die skaapwagters, wat dink jy van Christus?
*"Kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Verlosser wat Christus, die Here, is"* (Lukas 2:10,11).
**Salomo,** wat dink jy van Christus?
*"...Hy is geheel en al die lieflikheid self..."* (Hooglied 5:16).
**Onse Vader,** wat in die hemel is, wat alle dinge weet, wat dink U van Christus?
*"Dit is my geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"* (Matteus 17:5).

**LESER, WAT DINK U VAN CHRISTUS?**

# Liefde en Geduld in Aksie

Die volgende verhaal dateer uit die dae toe Oliver Cromwell aan bewind was in Engeland.

'n Jong soldaat is deur 'n militêre hof skuldig bevind aan 'n ernstige oortreding en ter dood veroordeel. Hy sou tereggestel word met die eerste gelui van die klok wat die aandklokreël sou aankondig.

Sy verloofde het 'n aantal ure voordat die aandklokreël in werking sou tree, in die kloktoring opgeklim en haarself aan die groot klepel vasgemaak. Toe die tyd aangebreek het dat die klok moes lui, is net gedempte geluide gehoor.

Cromwell wou weet waarom die klok nie lui nie. Hy het soldate gestuur om ondersoek in te stel. Hulle het die jongdame gevind - gekneus en bebloed soos sy haar teen die klokwande beseer het met die gebengel van die klok.

Cromwell was so beïndruk deur haar opofferende liefde en gewilligheid om te ly vir die persoon wat sy liefhet, dat hy die soldaat vrygespreek het deur te beveel dat die klok daardie aand nie sou lui nie.

---

John Wesley was geseënd met 'n baie liefdevolle en geduldige moeder, Susanna.

By geleentheid het Wesley se vader opgemerk: "Ek verbaas my vir jou geduld! Dis die twintigste keer dat jy daardie kind oor dieselfde saak aanspreek!" Waarop Susanna Wesley met liefde na die kind gekyk en geantwoord het: "Sou ek net negentien keer gepraat het, sou al my opvoedingsarbeid verlore gewees het."

---

In 'n biografie oor die welbekende sendeling na Burma (Myanmar), Adoniram Judson, lees ons hoedat hy geweldige ontberings moes deurmaak. Hy is in Indië vir 'n tydperk van sewentien maande in 'n tronk gevange gehou waar hy onuitspreeklike, onmenslike lyding moes deurgaan. As gevolg van sy marteling, het hy baie lelike littekens oorgehou wat vir die res van sy lewe sigbaar sou wees.

Na sy vrylating het hy toestemming gevra om na 'n ander provinsie te gaan waar hy kon voortgaan met die verkondiging van die Evangelie.

Die goddelose leier het sy versoek verontwaardig geweier: "My volgelinge sal nie luister na wat 'n sendeling te sê het nie, maar ek is bevrees dat hulle so beïndruk mag wees met jou littekens van geduld dat hulle jou godsdiens sal aanvaar."

---

In die klassieke werk, *Les Miserables*, vertel Victor Hugo die verhaal van Jean Valjean. Die enigste misdaad wat hy ooit gepleeg het, was om 'n enkele brood te steel om sy suster se uitgehongerde kinders mee te voed.

Nadat hy negentien jaar in die tronk hiervoor geboet het, is hy vrygelaat. Hy het werk gesoek, maar kon nêrens iets kry nie as gevolg van sy kriminele rekord. Uiteindelik het hy by 'n bejaarde biskop iets te ete en 'n slaapplek vir die nag ontvang.

Gedurende die aandete, het Valjean uit pragtige silwer borde geëet. Hy was verstom dat hy, as oudgevangene, uit sulke elegante borde kon eet. Terwyl hy op die bed gelê het, het hy aan die eetgerei se groot waarde gedink. Die volgende oggend het hy vroeër as die res van die huishouding opgestaan, toegegee aan die versoeking en die silwer borde gesteel.

Hy is egter spoedig deur die polisie gevang en na die biskop se huis geneem. Hier het hulle aan die biskop gesê dat Jean sy borde gesteel het. Die vriendelike biskop het egter gesê dat dit 'n geskenk van hom was en bygevoeg dat Jean vergeet het om die kandelare ook saam te neem. Hy het toe aan Jean gesê, "Hiermee koop ek jou siel vir God!"

Jean Valjean was so diep geroer deur die biskop se woorde en liefdesdaad dat hy 'n Christen geword het. Hierdie vriendelike daad van liefde en welwillendheid het 'n totale ommekeer in sy lewe teweeggebring!

---

Diep ontroer het die kaptein Shaw van die Heilsleër na die drie mans voor hom gekyk. Shaw was 'n mediese sendeling wat pas in Indië aangekom het om beheer oor te neem van 'n kolonie melaatses.

Hierdie mans het voet- en handboeie omgehad waarvan die kettings diep in hul besmette vlees ingesny het.

Kaptein Shaw het die wag gevra om die boeie te ontsluit waarop hy geantwoord het dat dit nie veilig en raadsaam sou wees nie, aangesien hierdie mans nie net melaats was nie, maar ook misdadigers.

Kaptein Shaw het volle verantwoordelikheid geneem en bygevoeg dat hulle reeds genoeg ly as gevolg van hul melaatsheid. Hy het die boeie afgehaal en hul bloeiende enkels en gewrigte behandel.

Twee weke later het Kaptein Shaw gewonder of hy tog die regte besluit geneem het om die misdadigers vry te laat. Hy moes 'n rit onderneem wat sou meebring dat hy daardie betrokke nag nie by sy eie huis sou kon slaap nie. Sy vrou en kind sou dus alleen daar wees. Sy vrou het egter daarop aangedring dat hy gaan, aangesien sy nie bang was nie - God was mos daar!

Die volgende oggend toe sy by haar voordeur kom, was sy baie verbaas om te ontdek dat die drie melaatse mans op die stoeptrappies gelê het. Sy het gevra wat hulle daar maak.

Een van die melaatse mans het geantwoord dat hulle geweet het die dokter was weg. "Ons het die hele nag hier gebly om toe te sien dat daar geen gevaar vir u is nie."

Dis hoe hierdie gevaarlike kriminele melaatses gereageer het op die dokter se liefdevolle, vriendelike en simpatieke behandeling.

[Uittreksels uit *Geen Groter Liefde*, Robert Strand, VG Uitgewers, 1996].

---

# CLERGY WHO DON'T BELIEVE IN GOD

As the BBC reports, some church leaders in the Netherlands want to rethink Christianity: "experimenting with radical new ways of understanding the faith."

Klaas Hendrikse, a minister of the mainstream Protestant Denomination in the Netherlands doesn't believe in life after death, or even in God as a supernatural being. He told the BBC that he has "no talent" for believing historic and orthodox doctrines. "God is not a Being at all," he says, "but just an experience."

Hendrikse published a book titled *Believing in a Non-Existent God.* Conservative church leaders demanded a heresy trial for the minister, but the Denomination decided that Hendrikse's views are too commonly held to be considered out of bounds.

In other words, this Denomination has embraced a straightforward form of atheism within its own ranks - and among its own ministers!

All this is familiar to anyone who has been observing mainline Protestantism - in either the United States or Europe - for the last half-century or more. The central doctrines of Christianity are first sidelined and hardly mentioned, then revised, and finally rejected.

If the Church changes in the way the Dutch liberals are changing it, it is spiritually and theologically dead.

There is a new religion of "something-ism" in the Netherlands, and it is not a new form of Christianity - it is a new religion meeting in historic Christian church buildings.


All this in a country that was once pervasively Christian. Theologian and conservative church leader Abraham Kuyper was the nation's prime minister from 1901 to 1905!


www.lifehack.org

The Dutch once claimed to model a Christian culture. All that now lies in ruins. Without the knowledge of the full Deity and humanity of Christ, there is no Gospel and no salvation!
www.prophecynewswatch.com

*"Beware of false teachers who come disguised as harmless sheep, but are wolves and will tear you apart"* (Matthew 7:15, Life Application Bible).

# Hemelse Leidsman...



Ek wil so graag hierdie dag tegemoetgaan met geloof, hoop en liefde in my hart.
Ek wil so graag onvoorwaardelik glo: soos Abraham en Henog en Moses en elkeen in die heldegalery van Hebreërs 11. Maar ek is dikwels soos Thomas; ek wil eers voel en sien; my geloof is dikwels beperk tot my sintuie. Ek wil so graag die onsienlike glo en stilweg bely: "My Here en my God!"
Lei my deur die Heilige Gees tot 'n praktiese en eerlike geloof wat my onlosmaaklik aan Jesus sal verbind. Ek wil so graag die hoop ongeskonde in my hart ervaar, hoop dat die brandende, edel ideale van my hart verwesenlik sal word; dat my geestelike lewe sal groei in kennis, liefde en waarheid, sodat ek dié dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.
Hou 'n gees van optimisme brandend in my hart. Ek wil met die eerlikheid van sterfbedwoorde vir U kan sê: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet!"
Ek wil my medemens liefhê met 'n opregte, onselfsugtige liefde wat alle skeidsmure afbreek en versoening 'n heerlike werklikheid maak. Lei my dan tot ware begrip van geloof en hoop en liefde.
In Jesus se heerlike Naam. Amen.



# God's Embroidery

When I was a little boy, my mother used to embroider frequently. I would sit at her knee and look up from the floor and ask what she was doing. She informed me that she was embroidering.

As I watched her work from the floor, working within the boundaries of the little round hoop that she held in her hand, I complained to her that it looked messy from where I sat.

She would smile at me, look down and gently say, "My son, you go about your playing for awhile, and when I am finished with my embroidering, I will put you on my knee and let you see it from my side."

Some time would pass and then I would hear Mother's voice say, "Son, come and sit on my knee."

This I did only to be surprised and thrilled to see a beautiful flower and sunset. I could not believe it, because from underneath it looked so messy.

Then Mother would say to me, "My Son, from underneath it did look messy and jumbled, but you did not realize that there was a pre-drawn plan on the top. It was a design. I was only following it."

Many times through the years I have looked up to my Heavenly Father and said, "Father, what are You doing?" He answered, "I am embroidering your life." I would say, "But it looks like a mess to me. It seems so jumbled. The threads seem so dark. Why can't they all be bright?"

The Father seemed to tell me, "My child, you go about your business of doing My Business, and one day I will bring you to Heaven and put you on My Knee and you will see the plan from My side." *[Author Unknown].*

